

**13 September**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22-2:10**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23; 2:1-2**

### **Die drie trappe van geloofsverryking**

Om in ons geloof te groei, is baie belangrik. Daar moet nie stagnasie wees nie, ook nie regressie nie, maar progressie. Geloofsgroei begin by bekering. 1 Petrus 2:1 (1953-vertaling) spel dit uit: "Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij ..."

Die gelowiges wat in Klein-Asië versprei was, word deur Paulus opgeroep om hulle tot God te bekeer (1 Pet 1:23). Die ou sondige mens moet afgesterf word! Dit moet by hulle persoonlike lewe en sondige praktyke begin voordat daar van geloofsgroei sprake kan wees. Hulle moet eers die vuil ou kleed uittrek voordat die skoon kleed aangetrek kan word. Met hierdie afsterwing van die ou mens moet hulle worstel voor die aangesig van God.

Die tweede trap van geloofsgroei vind gelyktydig met die eerste plaas. Dit word ervaar in die verlange na die onvervalste melk van die Woord van God. Sonder die Woord van God is geen geloofsgroei moontlik nie, maar die Bybel bring ons by Jesus, die gekruisigde, en by al die weldade wat Hy aan die kruis vir ons verwerf het. Niks anders bied so 'n vaste fondament in ons lewens as juis die Woord van God nie. Lees jy gereeld jou Bybel? Doen jy genoeg moeite om te verstaan wat jy lees? Soos 'n klein babatjie verlang na moedersmelk, so moet ons verlang na die onvervalste melk van die Woord van God, want alleen daardeur kan geloofsgroei plaasvind.

Die derde trap van geloofsgroei volg nou (1 Pet 2:2, 1983-vertaling): "... sodat julle daardeur [die suiwer geestelike melk] kan opgroeï en die saligheid verkry." Die Woord van God gee aan ons die sekerheid van ons ewige saligheid. Ons bestemming staan vas. As wedergeborenes in Jesus Christus, is ons met Hom op pad na 'n ewige bestemming, na 'n hemelse fees wat geen einde sal hê nie. Daar sal ons geloof oorgaan in aanskouing en sal ons Jesus sien soos Hy is. Dit is die hoogtepunt, die klimaks van ons geloofsgroei.

Moet nooit jou geloof van sy allernoodsaaklikste voedsel weerhou nie. Lees God se Woord en lewe volgens die Woord (Ps 119:19): "Waarmee sal die jongeling sy lewe suiwer hou? Deur dit te hou na u Woord."

*Sing: Psalm 33:5 Ds PJ van der Walt (Bethlehem)*